

1 Januarie

Die koninkryk van God is meer as om te eet en te drink

Skrifgedeelte: Romeine 14:13-23

Fokusgedeelte: Romeine 14:17

Bekeer julle want, die koninkryk van die hemel het naby gekom. Dit was die beginprediking van Johannes die Doper en van Jesus (Matt 3:2; 4:17). Inderdaad. Die koninkryk van God het weer op die aarde gekom toe die Koning van die koninkryk in Betlehem gebore is. Hy het gely en gesterwe, is begrawe en het opgestaan vir die uitverkore burgers van God se koninkryk. Dit is hulle wat in Hom glo as hulle enigste en enige Verlosser van die ewige oordeel van God.

Waar is hierdie koninkryk? *Binne-in julle* (Luk 17:21, OAV). Die koninkryk is nie 'n aardse ryk met geografiese grense nie. Dit is die regering van God oor die harte van hulle wat deur die werk van Heilige Gees saam met Christus gesterf en opgestaan het (Rom 6:6-8).

'n Nuwe lewe, veel heerliker as om te eet en te drink. Ver verhewe bo 'n gestry oor menslike beskouinge, voorkeure, gebruike en dinge waarvan die beginsel nie in God se Woord te vind is nie. 'n Nuwe lewe van gehoorsaamheid aan God, met die gesindheid van bereid en gewillig te wees deur die werk van die Heilige Gees om vir God te lewe.

'n Nuwe lewe van vrede en vreugde wat alle verstand te bowe gaan. 'n Vreugde wat hier reeds in beginsel in die hart woon onder die swaarste beproewinge, swaarkry en seerkry. Wat bly tot in die ewige heerlikheid met God in volmaaktheid.

Nuwejaarsvoorneme? Om in die krag van die Heilige Gees my sondige haat-natuur te kruisig en my identiteit te belewe as burger van God se koninkryk tot lof en eer van sy Naam.

Psalm 145:1, 3, 12 (Totius)

Ds. Awie Coetsee (Emeritus)